

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Efesiërs 4:25-5:13 (1953)

²⁵ Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.

²⁶ Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie;

²⁷ en gee aan die duiwel geen plek nie.

²⁸ Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.

²⁹ Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.

³⁰ En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.

³¹ Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.

³² Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.



¹ WEES dan navolgers van God soos geliefde kinders;

² en wandel in liefde, soos Christus ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

³ Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;

⁴ ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liever danksegging.

⁵ Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.

⁶ Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.

⁷ Wees dan nie hulle deelgenote nie.

⁸ Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here — wandel soos kinders van die lig.

⁹ Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.

¹⁰ En beproef wat die Here welbehaaglik is;

¹¹ en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liever.

¹² Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem.

¹³ Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.

Broodjies vir die Pad

What I find interesting is not only the straightforwardness of the writer, but the diversity of the community he is addressing. I can't think of a time that I have told anyone in my churches to stop lying or putting up a front to one another. And certainly I have not had any known thieves that I needed to tell them to stop stealing. I think too often we imagine the first generation of Christians as a homogeneous group who always got along together. However, reading this text puts an end to that illusion.

These people were both Jews and Gentiles as well as honest-working people and those who made their way by stealing. They also needed instructions about how to handle their anger and how to talk to one another. In short, they were human, just like us. They faced challenges of living in relationship with one another and the instructions in the letter are still helpful.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yearb/2012-08-12/proper-14>

'n Dieper goud om na te jaag

deur Reggie Nel

Ons harte swel sommer so van trots as ons Olimpiese sterre die wêreld betower.

Ons is oorstelp. Ouers val oor hul woorde. Ons asems hyg. Ja, dis 'n mooi, aandoenlike prentjie. As dit maar net so kon gebly het.

Met die goud in die mond en die kleurvolle vlag wat hoog wapper.

Dan word ons wakker.

Ons onthou van die MTN-skandes in Iran, ons kinders in Limpopo en die Oos-Kaap wat nog steeds in hokke skoolgaan, sonder boeke, sonder onderwysers.

Ons vrees dat die minister en die maatskappy wat ons kinders so skandalig in die steek gelaat het, niks gaan oorkom nie, want hulle is mos die president se vriende.

En wat sal die ANC-vroueliga by Mangaung doen as hul leier – dieselfde onbevoegde minister – uitgeskop word?

Ons lees van die 14-jarige wat verlede jaar doodgeskiet is toe hy en sy vriend skelm op 'n boer se plaas gaan visvang het.

Baie van ons onthou met 'n glimlag van die groen perskes en die skelm swem in die dam (dit was verkeerd, ek weet).

Die boer, so hoor ons, is verlede week beboet. Woorde ontbreek. Ek stamel, stotter, struikel. Dis nie die soort teks waarvoor ons voorbereid is nie.

Die wêreld voor ons oë is getoor. Oëverblindery.

Dit kan nie werklik waar wees nie.

In die fliek *The Truman Show* groei die hoofkarakter, Truman Burbank (gespeel deur Jim Carrey), op in 'n bekende, beskutte werklikheid. Dis sy wêreld.

Vir hom is dit nie 'n geslote, eng werklikheid nie – dis bloot hoe dit is.

Maar dan begin daar vreemde dinge in sy lewe gebeur. Dinge wat stadig maar meedoënloos 'n skynwerklikheid ontmasker. Die bekende beelde kraak.

Hoe reageer mens in so 'n situasie? Vir sommige kan dit beteken ons wêreld stort in duie en alles val uitmekaar. Vir ander is daar egter opwinding in die lug.

Truman se ontdekking van die krake, maar ook die moontlikheid van die nuwe, die werklike, gaan gepaard met die ontdekking van liefde.

Of, beter gestel, in die ontdekking van liefde gaan sy hartsoë oop. Hy begin nuwe dinge sien en skep selfs moed om die bekende te bevraagteken.

Iets anders gebeur dan. Hy ontdek die werklikheid is kunsmatig ontwerp.

As 'n mens grawe in dié storie, sien ons hierdie dieper dimensie wat nié vermaak is nie, maar eg is. Dit is ware liefde en passie.

Dis in hierdie werklikheid waar hy die moed vind om uit te breek, uit te stap in die nuwe, die onbekende.

Dis wat liefde en passie doen – dit breek die vermaak en maak die skep van nuwe werklikhede moontlik.

Miskien moet ons agter die goud grawe, agter die rekordtye, en daar 'n diepe liefde en passie ontdek wat uitmond in opofferings, harde werk en toewyding.

Ons Suid-Afrikaners ken mos die geheime van goud. Ons sien dit in die Hoëveld in die mynhope en vir sommige gemeenskappe die stof op ons voorstoep en in ons longe.

Ons ken die prys daarvan. Die donker nagdieptes waar lang ure van swoeg en sweet uiteindelik uit die rooibruin aarde aan goud geboorte gee.

Dit is hier in die dieptes, in die jare se offers, waar waarde geskep word, waar die betowering se geheim skuil.

Dit is wat goud vir ons beteken. Maar dit help ons ook om anders na die werklikhede te kyk.

Die geheim vir die ontknoping van die uitdagings in ons land is in die ontginning van nuwe taal, woorde en optredes rondom menseregte, etiek, waardes geskoei op geregtigheid, en medemenslike verhoudinge wat beliggaam dat ons mekaar liefhet as beeldraers van God.

Dit kan slegs gebeur in die herkenning van die dieper werklikheid van hierdie eg aardse betowering.

Dit is daar waar 'n egte trots verder kan kring as bloot in die spele, verder as net die oomblik.

Dit is daar waar daar nog goud is om te ontgin.

Ds. Reggie Nel is 'n predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk en 'n dosent in missiologie aan Unisa.

<http://www.beeld.com/Rubrieke/Gasrubriekskrywers/n-Dieper-goud-om-na-te-jaag-20120805>

Brood vir die Pad

Luister sonder oordeel lig ons uit die duister

deur Wilhelm Jordaan

Soms is dit gepas om te veralgemeen as jy 'n sterk boodskap wil oordra. Dit is presies wat Desmond Painter doen in sy artikel: “Van ken jouself na bemark jouself” (By, 4 Augustus), waarin hy die hedendaagse sielkunde roskam –

na aanleiding van die hooftema by 'n internasionale sielkundekongres in Kaapstad: Psychology serving humanity.

Hy bevraagteken die “in diens van die mens” en wonder of mense weet sielkunde bring dalk opnuut “die plaag” – soos Sigmund Freud in 1909 gesê het met verwysing na psigoanalise.

Volgens Painter behels “die plaag” nou dat sielkundiges hulle daarop instel om mense op die pad na selfverwesenliking te plaas; met eiesoortige entrepreneursvernuf en kamma-wetenskap.

Natuurlik is dié soort aanspraak 'n veralgemening; tegelyk waar en onwaar. Jeanne Goosen se boektitel *Ons is nie almal so nie* geld ook sielkundiges!

Daar is sielkundiges wat weier om hulself aan te bied as deskundige ghoeroes wat 'n soort spieëlkunde bedryf waarin mense hulself volledig kan eien, verbeter en herontwerp.

'n Belangrike vertrekpunt is dat mense se lewensprobleme dikwels te doen het met die afwesigheid van 'n elementêre lewensbeginsel – dat mense van gewheet wil wees; dat hulle as mense saakmaak vir ander.

Om nie van gewheet te wees nie kom in baie gestaltes: Die vrou wat nie geag word in die verhouding met haar man nie; die onbeholpe, angstige kind wie se “sien my raak” deur niemand raakgesien word nie; arm mense wie se smeking om hulp nie aandag kry nie; die man wat afgedank is en homself as nutteloos beleef enso(lewensverskralend)voort.

Professionele sielkundige hulp veronderstel dikwels niks meer nie as deurdagte “praatgenesing”; dat een mens sonder veroordeling en met volle aandag luister na 'n ander wat praat.

En dat die eie woorde van die ander (sy of haar storie oor nie van gewheet wees nie) dikwels die sleutel hou tot 'n nuwe verstaan van 'n bepaalde lewensprobleem binne die raamwerk van 'n terapeutiese gemeenskapslewe.

In sy boek *The Lourdes of Arizona* skryf die joernalis Carlos Amantea oor 'n konferensie in die Arizona-woestyn in die VSA waar wêreldbekende psigoterapeute, wat juis wegstuur van die “empaaier van die self”, oor hul benaderings gepraat het. Met sinspelning op die sogenaamde “heilsfontein” by Lourdes in Frankryk reken Amantea vrylik praat (én noukeurig luister) se geneeskrag is gemeenskaplik aan uiteenlopende terapeutiese benaderings:

“The quiet listener nods, making it easy to speak, to ease out the hurt – the gulf of pain, the birthing of agony. The words pass, the pain gets parted a bit, the soul comes to feel lighter, raised out of the dark.

A non-judgemental hearer, there to ease us out of the midnight of feelings, ease us into freedom, with our own words. It is magic.”

<http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Luister-sonder-ordeel-lig-ons-uit-die-duister-20120807>